ecsponent
belê met die tye

ecsponuus

Uitdagings vir ekonomie

Die afgelope maand het die prentjie van Suid-Afrika se ekonomie blitsig verander.

Die vooruitsig van laer inflasie het verlede maand dramaties verswak en die tuimelende rand, plaaslike kragkrisis, stygende mieliepryse en dreigende staking in die openbare sektor sal groot uitdagings aan die ekonomie stel.

Net 'n paar weke terug nog het ekonome aangedui hulle verwag eers vroeg aanstaande jaar 'n verhoging in die rentekoers. Nou kyk hulle na een of minstens twee verhogings in die loop van 2015.

Dit volg nadat inflasie sy onderste draaipunt met 3,9% in Februarie bereik het, danksy laer internasionale oliepryse wat die brandstofprys verlaag het. Die voordeel het spoedig tot 'n einde gekom met die petrolprys wat in Maart met 96c per liter gestyg het. Boonop styg dit vandeesmaand weer met 'n verdere R1.70c per liter.

Die dalende rand gee ook opwaartse druk aan inflasie. Die rand het sedert begin vanjaar met bykans 6% teen die dollar verswak en dit is nie onmoontlik dat die rand weer sy swakste vlak teenoor die dollar – die R13,84 van Desember 2001 - kan bereik nie.

Kommer bestaan oor staatsbesteding wat van 23% van die bruto binnelandse produk (BBP) in 2003 skerp gestyg het tot die huidige 29%. Net só het die netto staatskuld as persentasie van BBP van 22% in 2009 tot 41% verlede maand gestyg.

Daar is darem 'n positiewe ligpunt ook! Die tekort op die lopende rekening het in 2014 gedaal van 5,8% in die derde kwartaal na 5,1% in die vierde kwartaal. Net so was Bankserv Africa se indeks van ekonomiese transaskies 'n verrassing wat sedert verlede jaar in Suid-Afrika met 2,1% gegroei het. Dit was die sterkste groei in 17 maande!

Die Amerikaanse Federale Reserweraad gaan rentekoerse dalk nou eers in September of Desember verhoog – wat ook 'n blaaskans vir ons ekonomie gee, aangesien só 'n verhoging dadelik die rand sal verswak.

Die hoop beskaam nie!

Anton



Dr. Anton Hay – Bemarkingsdirekteur

Prys van besluitloosheid

Van uitstel kom afstel en dit kan jou duur te staan kom in die beleggingswêreld!

Om jou belegging uit te stel is so erg as om glad nie te belê nie en meer geld is al verloor weens besluitloosheid as met 'n verkeerde beleggingsbesluit.

Mense wag te dikwels vir die "volmaakte geleentheid" voor daar belê word. Dit is egter niks anders as uitstel nie en 'n beleggingskenner maan "enige besluit is beter as geen besluit."

Hoe vroeër jy belê, hoe beter. Begin net iewers, al is dit hoe klein, want as jy jou oë uitvee, is dit tyd om af te tree en dan wil jy nie sonder 'n neseier sit nie.

Een van die redes waarom mense nie hul geld belê nie, is omdat min mense al 'n tydperk van algehele finansiële depressie of oorlog beleef het. Hulle ken nie die ellende van geen geld nie.

Stygende lewenskoste en veral hoë mediese koste plaas ons vandag toenemend onder druk. Ons word vandag maklik 90 jaar oud en moet uit 35 jaar se werk genoeg inkomste genereer om vir tot 30 jaar se aftrede te voorsien. Navorsing het juis gevind dat armoede veral onder bejaardes van 80 jaar en ouer voorkom.

Die aftrede-landskap het drasties verander en baie van ons sal ons "goue jare" moet uitstel of 'n tweede loopbaan moet begin, omdat, die sogenaamde "toebroodjie-generasie" dikwels

afhanklikes, ouer en jonger as hulle, moet ondersteun.

Tydens verlede jaar se Benchmark Seminaar oor aftrede is onomwonde verklaar dat Suid-Afrika nie 'n spaarkultuur het nie en 'n aftrede–dilemma in die gesig staar. Die vraag was of "menslike gedrag verander kan word sodat mense die waarde van spaar vir aftrede kan besef?"

Navorsing wys welvarende pensionarisse het nie noodwendig met 'n groot voorsprong begin nie. Hul geheim is voldoende beplanning en volgehoue besparing, bietjie vir bietjie, maand na maand.

Die meeste van hulle het reeds 'n paar jaar voor aftrede begin spaar, deur hul loopbaan al meer gespaar, pensioengeld bewaar as hulle van werk verander, professionele advies gesoek, enkelbedrag by aftrede herbelê, verskeie inkomstebronne gehad en veral in aandele belê.

Tyd speel 'n kritieke en kragtige rol by welvarende pensioenarisse in die finansiële wêreld. Rykdom word stadig opgebou en hoe langer belê word, hoe groter is die voordeel van saamgestelde groei (groei op groei). In kort beteken dit jy kry groei op iets wat jy nie ingesit het nie.

Besluitloosheid... kos tyd en geld.

Die Koekedore van die gewilde televisieprogram sal daardie ekstra knippie sout ingooi vir die volmaakte koek. By Ecsponent sê ons 'n goeie beleggingskoek vra meer as net 'n knippie TYD. Saam met opbrengs, risiko en koste is TYD kernbelangrik in enige suksesvolle langtermynbelegging.

Die mag van saamgestelde groei kan nie onderskat word nie. Jy kan egter nie groei kry op iets wat jy glad nie belê het nie. Vir elke vyf jaar wat jy uitstel om geld te belê, moet jy drie keer meer insit as iemand wat vroeër begin het om by dieselfde bedrag uit te kom!

Indien 'n belegging lank genoeg gehou word, kan dit die waarde van die oorspronklike bedrag aansienlik oortref. 'n Tipiese voorbeeld is iemand wat R10 000 oor 'n tydperk van 20 jaar teen 'n opbrengs van 10% pj belê. Ná 20 jaar sal die waarde van die R10 000 belegging sowat R67 275 wees, wat beteken dat die oorspronklike R10 000 groei van R57 275 verdien het. As die groei nie elke jaar herbelê was nie, sou die opbrengs net R20 000 gewees het.

Daar is mense wat aan die sogenaamde "Lae Markbetrokkenheidsindroom" ly. Hulle is bang om by finansiële markte betrokke te raak uit vrees vir die onbekende of dat geld verloor kan word.

Maar om uit die mark te bly, is 'n duur manier om vrees te besweer. Dis baie beter om minstens dan te fokus op lae risiko beleggings – of wat sielkundiges "angs aangepaste" beleggings noem – tot tyd en wyl die vrees oorkom is.

Wees ook bedag op "sielkundige slaggate" wat mense as verskonings gebruik om nie te belê nie. Hulle sal, byvoorbeeld, inligting kies wat hul vermoedens bevestig, al is dit nou ook hoe verkeerd. Of hulle sal hul ore uitleen aan praatjies om 'n braaivleisvuur wat nie deur deskundiges gemaak word nie.

Wat is die kans dat jy jou geld kan verloor? Kyk bietjie na prof. Barton Malkiel se hipotese van die "geblinddoekte aap" wat pyltjies na 'n aandelebladsy van 'n koerant gooi. Die aandele van die "aap" vaar ewe goed of beter as dié van bekende portefeuljebestuurders.

Fondsbestuurders vaar nie altyd beter nie! Dit is telkens bewys dat min fondsbestuurders aandele-indekse op die beurs klop. Selfs die persoonlike beleggings van ervare fondsbestuurders doen selde beter as dié van Jan Alleman. Tog neig mense om meer waarde te heg aan inligting waarvoor hulle betaal.

Moet ook nie dink slim mense is die beste beleggers nie! Forbes het gevind dat die Mensa Investment Club (mense met 'n IK in die top 2% van die bevolking) se opbrengs op hul portefeuljes gemiddeld net 3% was – vergeleke met die S&P500 Indeks se 15%.

Wat is die oplossing? Kyk gerus na Ecsponent se beleggings wat vaste koerse aanbied. Jy weet presies wat die opbrengs is en boonop is daar geen koste nie – 'n rasionele beleggingsbesluit! Hoe langer in die kapitaalgroeibelegging belê word, hoe groter is die opbrengs.

Aan die einde van die dag is ons self vir ons beleggingsukses verantwoordelik. As afgetredene sal u eendag dankbaar wees vir die tyd wat afgestaan is om 'n beleggingsbesluit te neem.

Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.